**Herskepping en die ewige heerlikheid**

**Op 21:1-22:5**

**12 Desember 2021**

1. Drie periodes na die dood: (1) Tot die wederkoms (2) Met die wederkoms (3) Na die wederkoms
2. Gebeurtenisse met die wederkoms: (1) Opstanding van die dooies (2) Finale oordeel (3) Vreugde in die hemel (4) Herskepping van die fisiese skepping
3. Herskepping – 'n nuwe hemel en aarde
    a. Rom 8:18-22
        i. Skepping sien uit na bekendmaking van God se kinders (v19)
        ii. Skepping is tans verganklik, maar word bevry met die wederkoms (v21)
        iii. Skepping sal dan pas by die heerlikheid van die kinders van God (v21)
    b. 2 Pet 3:10-12
        i. Skepping sal met die wederkoms vergaan (v10)
        ii. Verwagting van 'n nuwe hemel en aarde, waar geregtigheid sal heers (v13)
    c. Op 21:1-2
        i. Koms van die nuwe hemel en aarde is oorgang na die ewigheid
4. Die ewige heerlikheid (Op 21:1-22:5)
    a. Nuwe Jerusalem, wat die bruid is, daal uit die hemel neer (21:2)
    b. God sal self by hulle wees as hulle God – herinner aan Abrahamverbond (21:3)
        i. Beter as God se teenwoordigheid destyds in die tuin van Eden, of in die tabernakel/tempel, of in gelowiges wat opgebou word (1 Kor 3:9b, 16, 1 Pet 2:5)
    c. "Ons sal Hom sien <u>soos Hy werklik is</u>" (1 Joh 3:2b) Wat gaan ons sien?
        i. Nuwe skepping (21:1) – God se almag, krag, wysheid
        ii. Nuwe Jerusalem, bruid (21:2) – God se verlossing
        iii. Muur (21:12a) – God se getroue bewaring
        iv. Poorte (21:12b) – Nuwe lewende weg wat God berei het
        v. Afmetings (21:16) – God bring alle gelowiges in heerlikheid
        vi. Fondamente (21:19) – God se getrouheid aan Sy beloftes
        vii. Nie tempel nie (21:22) – God woon by ons
        viii. God en Lam se heerlikheid (21:23) – God se heerlikheid orals sigbaar
        ix. Rivier en boom van die lewe (22:1-2) – God se versekering ons bly daar vir ewig
        x. God se troon (22:3) – God se heerlikheid en heiligheid
    d. Waarmee gaan ons besig wees?
        i. God dien as priesters (22:3, 5:13, 7:10, 7:12, 15:3-4)
        ii. Heers as konings vir ewig (22:5, 3:21)
    e. So bereik God Sy doel:
        i. Ps 72:18-19 – Hele aarde is gevul met die heerlikheid van God
        ii. Op 10:7 – God het Sy verborge bedoeling met alles bereik
        iii. Mat 25:34 – Geseëndes neem die koninkryk as erfenis in besit
    f. Jy sal dit sien en van vreugde bewe! (Jes 60:5)